## MONTANAPARK SELGROEP, 14 FEBRUARIE 2024

### HOE LEES ONS DIE OU TESTAMENT EN DIE NUWE TESTAMENT?

Kom ons maak dit sommer dadelik duidelik: Lees die hele Bybel. Die volgende riglyn word gegee:


> [16]Die **hele** Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, [17]sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. – **2 Timótheüs 3:16-17**

Paulus skryf hierdie inligting aan Timótheüs, die jong man vir wie hy ‘n mentor was, en sy werk sou voortsit na sy dood. Die **hele** Skrif, nie net sekere gedeeltes nie, is deur die Gees van God aan die skrywers geopenbaar en dit het die volgende ten doel:

1. Lering: Ons gebruik die Woord om eers self die beginsels daarvan te leer.
2. Weerlegging: Ons gebruik die Woord om valshede wat ander versprei, te weerlê.
3. Teregwysing: Ons gebruik die Woord om mense wie afgedwaal het, (in liefde) tereg te wys.
4. Onderwysing: Ons gebruik die Woord om andere te leer.

Die doel hiervan is dat die mens van God (gelowiges), **volkome** kan wees deur die toepassing van die werk van Jesus Christus, en behoorlik **toegerus** is vir hulle dienswerk as gelowiges wat die boodskap van redding uitdra. Kyk mooi na die eerste en vierde punte: Ons leer self oor die Woord, ‘n lewens lange proses, en ons leer ook andere. Dit is ‘n voltooide sirkel.

Ons fokus is vandag om te sien deur watter bril ons die Ou Testament en Nuwe Testament moet lees. Ek kan dit as volg voorstel:




Die Ou Testament kyk **vorentoe** na die Kruis en daarna, tot in die Millennium (die Messias se regering vir Israel). Dit sien die geboorte van die Messias. Sien Matt 11:13 en Luk 16:16. Dit gaan primêr oor God se plan om die mens weer met Hom te versoen maar dui twee uiteenlopende planne aan: die redding van die mens (vir alle mense) en die Messias vir Israel.

Die Nuwe Testament kyk tweeledig **terug** op die Kruis en dit wat alreeds vir ons gedoen is, asook **vooruit** na ons toekoms verwagting. Die Ou Testamentiese verwagting het in Jesus Christus gerealiseer. Elkeen van ons moet egter hierdie geskenk van die ewige lewe ons eie maak. Sien Johannes 3:16. Beide Israel en die heidene kan vandag van hierdie geleentheid gebruik maak.

Die Ou Testament bevat die beloftes van ‘n beter weg as wat die mens in elke vorige dispensasie moes loop. In onskuld het sonde tot gewete gelei; gewete het tot menslike regering gelei, daarna die Belofte, toe die Wet. Dit bevat ook die universele waarhede wat vir almal geld, ongeag van die dispensasie waarin ons staan, byvoorbeeld die Psalms, Spreuke, en Prediker. Die Ou Testament (Tanakh) bestaan uit drie komponente:

1. Wet (*Torah*, Pentateug, of Die Vyf Boeke van Moses);
2. Profete (*Nefi'im*); en
3. Wysheid spreuke (*Ketuvim*, of Hagiographa).

'n Vierde komponent, Geskiedenis, beskryf die verhale van Israel en die konings.

**DIE WET**

Die Wet, *Torah*, bestaan uit die eerste vyf boeke van Moses: Génesis, Eksodus, Levitikus, Númeri, en Deuteronómium.

**DIE PROFETE**

Die Profete, *Nefi-im*, bestaan uit twee dele: die voormalige profete (Joshua, Rigters, Samuel en Konings) en die latere profete (al die ander). Die latere profete bestaan weer uit die groter profete (Jesaja, Jeremia, Esegiël, en Daniël), terwyl die kleiner profete insluit Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Hábakuk, Sefánja, Haggai, Sagaria, en Maleági.

**DIE WYSHEID SPREUKE OF SKRYWES**

Die Wysheid Spreuke of Skrywes, *Ketuvim*, is die boeke Rut, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, en Job. Dit word die Poëtiese boeke genoem. Dit sluit ook Daniël, Esra, Nehemía, en Kronieke in.

**DIE GESKIEDENIS BOEKE**

Hierdie boeke sluit in Esra, Nehémia, en Konings. Dit vertel die verhale van die terugkeer uit die onderskeie ballingskappe, asook die verhale van die konings van Israel.

Leer om beide die testamente te lees omdat dit die volle verhaal gee. Ons moet onthou dat ons as die Kerk ons bestaan in Israel het (Romeine 11). Ons kan dus baie leer uit God se handelinge met Israel. Die Ou Testament is die wegwyser na die Nuwe Testament. As ons nie die wegwyser het nie, het ons nie 'n beginpunt nie, en kan ons nie die eindpunt sien nie.

Daar is so baie voorbeelde uit die Ou Testament wat die weg aandui na die Nuwe Testament – die offer wat God wou gehad het Abraham moet bring (sy eie seun, Génesis 22); die slag van die paaslam en die bloed aan die deurposte en bo-drumpel voor die uittog uit Egipte (Exodus 12); en profesieë in die Psalms (22 en 69). Verder het ons die voorbeelde van die gevolg van sonde (ballingskap van Israel); herstel (terug in hulle eie land, Esra en Nehemía); en voorbereiding vir die koms van die Messias wat 'n dispensasie inlui, soos wat God oorspronklik bedoel het (Jesaja).

**HOE LEES EK DIE OU EN NUWE TESTAMENT?**

Die belangrikste hier om te onthou, is die geskiedenis en konteks. Gaan lees dalk bietjie oor die geskiedenis van die tyd voordat jy begin om 'n betrokke boek te lees. Kyk veral na plekname wat intussen kon verander. Kom ons kyk weer na die voorbeeld wat ek twee weke gelede gegee het.

> [11]Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. – **Jeremia 29:11**

Ons moet eers na die geskiedenis kyk as die agtergrond waarteen die boek geskryf is. Jeremia skryf 'n brief vanuit Jerusalem ('n spesifieke stad) aan die Jode ('n spesifieke nasie) wie ballinge ('n spesifieke gebeurtenis) in Babel ('n spesifieke plek, stad, of land) is. Lees vanaf vers 1 tot by vers 10 en kyk na die opdragte wat Hy gee: bou, woon, plant, eet, neem, verwek, gee, vermenigvuldig, soek, en bid. Hierdie is sy opdrag aan die ballinge om daar waar hulle is, voort te gaan en die volk uit te brei, met die oog op hulle terugkeer na Israel.

Daar is niks hier wat na die Kerk verwys nie. Ons kan dus nie Jeremia 29:11 gebruik om ons eie omstandighede te verduidelik, of iets daaruit te neem nie. Doen ons dit, is ons besig om die teks te forseer om iets te sê wat dit gladnie bedoel om te wees nie. Ek weet dat die Here beslis wil hê dat ek en jy in vrede moet leef en 'n hoopvolle toekoms moet hê. Om egter hierdie spesifieke teks te gebruik, is om dit vêr buite sy oorspronklike konteks aan te wend. Ons moet eerder die uitdaging aanvaar om 'n teks te soek wat die gedagte van God se voorsiening vir ons in ons tyd uitbeeld, soos Titus 2:13.

Hier is nog 'n voorbeeld:

> 1VERDER het die woord van die HERE vir die tweede keer tot Jeremia gekom, terwyl hy nog
> opgesluit was in die voorhof van bewaking, en gesê: 2So spreek die HERE wat dit doen, die
> HERE wat dit formeer om dit te bevestig, HERE is sy Naam: **3Roep My aan, en Ek sal jou**
> **antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie**.
> 4Want so sê die HERE, die God van Israel, met betrekking tot die huise van hierdie stad en die
> huise van die konings van Juda wat omgegooi is as verdediging teen die walle en die swaard
> — 5hulle kom wel om te veg teen die Chaldeërs, maar dit is om dié huise te vul met die lyke
> van mense wat Ek verslaan het in my toorn en in my grimmigheid en oor al die boosheid van
> diegene om wie Ek my aangesig vir hierdie stad verberg het. – **Jeremia 33:1-5**

Die fokus is op vers drie wat dikwels buite konteks aangehaal word. Dat ons die Here kan aanroep is waar, maar in ons dispensasie het ons die volledige kanon (samestelling) van die Woord, deur Wie die Here tot ons spreek (Hebreërs 1:1-2). Hy spreek nie meer deur die profete nie. Alles wat ons moet weet, is alreeds in die Bybel opgeteken en daar is geen verdere openbaring nodig nie. Elkeen wat dus vandag na jou toe kom en vir jou sê hy is 'n "profeet" en het 'n boodskap vir jou van die Here af, lieg. Ek verwys hier terug na 'n tema wat ons in 2023 gedoen het, oor valse profete en valse apostels.

In Jeremia se tyd het die Here hom as profeet gevra om Hom aan te roep, en Hy sou hom antwoord en dinge bekend maak wat gaan oor Jerusalem en die herstel van die stad. As profeet moes Jeremia vir die volk die mondstuk van God wees. Hy sou die profeet vertel van die toekoms en aspekte wat net op Israel van toepassing is. Dit het niks met ons as Kerk te doen nie.

Ons sien dieselfde met die profeet Daniël. Sy profesieë verwys gladnie na die Kerk nie. Wanneer hy drome het oor koninkryke wat nog moes kom, het dit net met Israel te doen gehad.

## VOORBEELDE UIT DIE NUWE TESTAMENT

Wat van die Nuwe Testament? Daar is baie voorbeelde waar dit werklik help om die geskiedenis te verstaan. Gedurende die lewe van Jesus Christus op aarde, was Israel onder die beheer van Rome. Judea was nou nie eintlik wat enige Romeinse soldaat sou beskou as 'n uitsoek pos nie. Dit was eerder gesien as 'n posisie aan die einde van jou loopbaan, waarna jy vergete sou wees en nie eers in die annale opgeteken word nie. Dit was teen hierdie agtergrond dat Rome moes toesien om die vrede te bewaar. Hulle was gefrustreerd deur die Joodse Skrifgeleerdes wie eenvoudig dwarstrekkers was.

Geen wonder nie dat Pilatus gesê het hy was sy hande in onskuld, en weggestap het. Hy het nie geglo dat Jesus skuldig was nie maar die Skrifgeleerdes het hom eenvoudig oorrompel.

Kom ons verduidelik die agtergrond vir Openbaring 3:14-20 as ‘n voorbeeld van die rol van geskiedenis, en hoe die verstaan daarvan betekenis gee aan die teks.

**WAT VAN DIE WET?**

Jesus Christus is die vervulling van die Wet. Sien Matthéüs 5:17. Die wet word nie ongedaan gemaak nie, maar eerder lewendig gemaak deur Jesus Christus. Uit die aard van die saak is daar baie Levitiese wette wat nie op ons van toepassing is nie. Ons hoef byvoorbeeld nie meer te hou by die voedsel voorskrifte nie. Die Here het dit baie duidelik vir Petrus gewys (Handelinge 10 en 11). Gaan lees bietjie die verhaal. Nog minder moet ‘n vrou wat gemenstrueer het, haar vandag aan ‘n priester gaan vertoon om te bewys dat sy rein is. Ons het nie meer priesters nie – hierdie was ‘n Levitiese amp, en ons is nie uit Israel nie. Jesus Christus is egter ons Hoëpriester (Hebreërs 4:14-16) wie vir ons intree.

**HOEKOM LEES ONS JOB, PSALMS, SPREUKE, PREDIKER, HOOGLIED, EN KLAAGLIEDERE?**

Meeste van hierdie boeke se inhoud is wysheid spreuke wat vir alle mense geld. Daar mag tekste wees wat dalk net na Israel verwys, soos Klaagliedere, en ons moet die konteks gebruik om hulle te bepaal. Daar waar dit duidelik is dat nie spesifiek Israel of die Kerk geïmpliseer word nie beteken dit dat die teks vir beide geld. Die Here is net soveel my as deel van die Kerk se herder as wat Hy ‘n Jood se herder is.

**SLOTSOM**

Hier is ‘n paar interessante feite:

1. Die Ou Testament was die enigste bron waarna Jesus verwys het (Lukas 4:16-20), en dit is meer as 75% van die totale Bybel.
2. Die Ou Testament bepaal ons verstaan van die Nuwe Testament (Rom 15:4).
3. Ons ervaar dieselfde God in die Ou Testament as in die Nuwe Testament (Heb 13:8).
4. Die Ou Testament het ons alreeds aan die evangelie, die goeie nuus, voorgestel (Gal 3:8).
5. In beide die testamente leer en ervaar ons God se liefde vir die mens (Neh 9:17; Joh 3:16).
6. Jesus Christus het nie die wet en profete tot niet gemaak nie, maar hulle vervul (Matt 5:17).
7. Jesus sê self dat die Ou Testament na Hom wys (Lukas 24:27).
8. Ons word genoop om die volle verhaal aan mense te vertel (Handelinge 20:27 – “hele raad”)
9. Die Nuwe Testament skrywers erken dat die Ou Testament skrywers vir die Kerk geskryf het (1 Petrus 1:12).
10. Paulus gee opdrag dat die Ou Testament ook gepreek en geleer moet word (2 Timótheüs 3:16; 2 Timótheüs 4:2-4).

Gebruik beskikbare media. Dit sal jou die nodige agtergrond oor ‘n betrokke boek, hoofstuk, of teks gee. Lees dan die Woord binne hierdie konteks. Poog te alle tye om die essensiële waarheid van die teks te snap. Onthou hierdie groot waarheid wanneer jy die Bybel lees:

The New is in the Old contained, and the Old in the New explained.